# Elvis gewaar in Stormsrivier




Die Elvis-*diner* voer jou terug in tyd.

**Ry jy met die N2 uit Jeffreysbaai in Humansdorp se rigting Kaap toe, wys 'n brug en 'n klein bordjie jou in die rigting van Stormsrivier. MARYKE ROBERTS het hier agter plattelandse gasvryheid aangery en ja, vasgeval.**

Die dorpie Stormsrivier is 'n klein plekkie met al die funksionele noodsaaklikhede: 'n paar ondernemings, 'n hotel, gastehuise, restaurante en internetkafees. Alles is pragtige houtgeboue met grasdakke en deftige grasperke, heel gepas in die ruie Tsitsikamma-woude wat laat soggens nog mis tussen die digte bome vashou.

Maar om die draai, neffens die hotel, wag "Chroom-en-Vin-stad", asof jy nou net in die 1950's in Las Vegas in die VSA ingery het.

Die nuutste toevoeging tot die dorpie is Jan en Ann du Rand se restaurant, roomyswinkel en uitstalling van veteraanmotors en allerhande Elvis- en Marilyn Monroe-memorabilia. Daar is die Marilyn's 60's Diner, die Rock 'n Roll Store en die Cadillac Shack …

Terwyl ons die wêreld gade slaan van agter 'n egte Amerikaanse burger, dubbeldik melkskommels en *banana splits* (piesangs en roomys) kom gesels Jan by ons tafel. Ons het op die spyskaarte gesien hulle adverteer die Elvisfees van 29 April tot 2 Mei 2011 en ons vra uit.

"Die ding van die Elvisfees stoei al vir meer as tien jaar met my.

"Verlede jaar het ons dit by die Tsitsikamma-hotel gehou, met groot tente op die grasperk en kostuums en pruike en Elvis- en Marilyn-huldesangers. Meer as 1 500 mense het saamgetrek."

Jan het 30 jaar lank die hotel besit. "Ek moes gedurig mense van die hotel af bring na my stoorkamer om my versameling ou motors te kom wys, toe vat die idee van 'n restaurant pos. Met die fees het my droom waar geword en vanjaar bied ons dit by my eetplek aan, wat nog 'n droom is wat waar geword het."

Jan du Rand het tien veteraanmotors, waarvan vyf volledig gerestoureer is. Hy het drie Cadillacs en sewe Chevy's, almal van die vin-era. Vandaar dus die restaurantkompleks se naam.

Hy maak al jare lank die memorabilia bymekaar. Sy nuwe projek is die volmaakte samesmelting van sy liefde vir Marilyn en Elvis en sy vrou se liefde vir goeie kos. Ann het ure se navorsing gedoen om die outentieke spyskaart saam te stel en met haar internasionale kookervaring het sy die resepte vervolmaak.

Elvis Presley se stem spoel uit oor die stoep.

Hoeveel keer was Jan al in Memphis of Las Vegas vir idees vir sy *diner*? "Nog nooit; dis een van my drome …" sê hy terwyl hy langsaam aan sy koffie teug.

**NOG KONTREIKOS**

As jy die dorpie uitry – terug in Jeffreysbaai se rigting, terug oor die Stormsrivierbrug – draai jy af na Finebush Farm se padstal en kontreikombuis. Dit is 'n plaasstal en plattelandse restaurant met geen gelyke nie.

Die winkel is stil. Tussen flessies konfyt en blatjang lê 'n kat opgekrul. In die skaduwee lê twee honde uitgestrek op die koel sement. Die rankplante groei ruig.

'n Vriendelike kennisgewing beveel aan dat jy net hard roep, want almal woel in die kombuis! Ons roep en Bronwyn Stanley kom te voorskyn en vee haar hande aan haar voorskoot af.

Die reuk van karamel en suiker kom saam met haar uit die kombuis. Sy was net besig om die jongste baksel fudge te sny, vertel sy.

"Julle wil seker van ons lekker kase proe, voor ek julle verlei met ons kaaskoek of sjokoladekoek en moerkoffie," gesels sy.

Die kaas is die beste van Fynboshoek, Gay's Dairy van Prins Albert, De Pekelaar, fetakaas van Eersterivier, Kleinrivier van Stanford. "En jy het nog nie geleef as jy nie Tantinki se bokballetjies geproe het nie."

Dis bokmelkkaas van Oudtshoorn

**>>>Vervolg op bl. 5**

## Kitsfeite

- Die dorpie Stormsrivier is 55 km van Plettenbergbaai en 112 km van Jeffreysbaai af.
- Bel die Finebush-plaasstal by ☎ 042 280 3503, besoek www.tsitsikamma.info/finebush of stuur e-pos na finebush@iafrica.com
- Besoek www.elvisfestival.co.za vir inligting oor die Elvis-fees of as jy troukarre wil huur, stuur e-pos na info@elvisfestival of bel Jan du Rand by ☎ 082 452 3361.
- Die ruie Tsitsikammawoud is die ideale speelplek vir adrenaliengeesdriftiges.

Jy kan op die rivier gly op 'n binneband, in die berge stap, oor 'n waterval en krans gly met 'n staal-foefieslaaid of hoog bo die bome swaai.

Besoek www.tsitsikamma.info vir meer inligting oor wat alles daar te doen is.

Vir inligting oor die foefieslaaid, besoek www.tsitsikammaadventure.co.za; vir die gly oor die boomtoppe besoek www.treetoptour.com of www.stormsriver.com, en vir die ervaring van 'n leeftyd op die rivier in 'n binneband, besoek www.blackwatertubing.net.

**<<<Vanaf bl 4**

af wat met kruie ingelê word.

Bronwyn pak ons kartonboksie vol proviand: mostert, grondboontjiebottersous, kaas, bokballetjies, konfyt, seep uit die Langkloof en een van hul stomende plaasbrode. Intussen smul ons aan Welsh rarebit met kaassous en roosterbrode met sampioene, uie, salami en tuintamaties.

Ons hoor hoe daar by die tafel langsaan gesels word oor hoe "groen" die plaasstal is met sy wurmplaas en komposhoop. Hulle ontkiem ook hul eie slaai-spruite. Hul filosofie is: "Stadige kontreikos; as jy haastig is, moenie stop nie."

Op pad huis toe vroetel ons gretig in die bruin kardoessakkie agter die vars fudge aan. 'n Soete ervaring.